sapapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

# NOVEMBER 2016

# VISUELE KUNSTE V1

**PUNTE:** **100**

**TYD:** **3 uur**

* I V S L A A *

Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.

## RIGLYNE

Dit word in hierdie eksamen van jou verwag om die volgende te demonstreer:

- Die gebruik van korrekte **kuns-terminologie**
- Die gebruik en aanwending van **visuele analise** en **kritiese denke**
- **Skryf-** en **navorsingsvaardighede** binne ŉ **historiese en kulturele verband**
- Die plasing van spesifieke voorbeelde binne ŉ **kulturele, sosiale en historiese verband**
- **Die begrip van kenmerke/besondere kreatiewe styl**
- Die identifisering van die **professionele praktyk** van plaaslike kunstenaars

## INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord:

1. Daar is AGT vrae op hierdie vraestel.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir ŉ totaal van 100 punte.

3. Vrae en onderafdelings moet **duidelik en korrek genommer** word.

4. Vrae verskyn op die linkerhandse bladsye, met visuele bronne op die regterhandse bladsye.

5. Maak seker dat jy na die **gereproduseerde visuele bronne verwys** waar dit verlang word.

6. Inligting reeds in een vraag bespreek, sal nie punte verdien indien dit in ander antwoorde herhaal word nie. Kruis-verwysings na kunswerke is toelaatbaar.

7. **Benoem die kunstenaar en titel van elke kunswerk** wat jy in jou antwoorde bespreek. **Onderstreep die benaming van ŉ kunswerk of die naam van ŉ gebou**.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Antwoord in volsinne en paragrawe, volgens die instruksies vir elke vraag. MOET NIE PUNTSGEWYS ANTWOORD NIE.

   Puntetoekenning:
   - 6–8 punte: ŉ minimum van ½–¾ bladsy
   - 10–14 punte: minimum van 1–1½ bladsy(e)
   - 20 punte: ŉ minimum van 2 bladsye

## WOORDELYS

**Gebruik die volgende woordelys-terme om te verseker dat jy verstaan hoe om ŉ spesifieke vraag te benader:**

**Evalueer:** Dui die RELEVANTE positiewe, negatiewe, elemente en beginsels van die werk aan en gee tot ŉ mate evaluerende kommentaar oor waarom en hoe dit slaag al dan nie, in die breër prentjie van kunsgeskiedenis oor die algemeen, d.w.s. jy moet in staat wees om die groot prentjie van wêreldkuns te sien om evaluerende kommentaar te lewer.

**Vergelyk:** Dui verskille en ooreenkomste aan in ŉ ordelike volgorde binne dieselfde argument.

**Kontekstualiseer:** Verband tot, of afhanklikheid van die inligtingsraamwerk; verband tot die situasie, tyd (era) en plek waartoe die inligting behoort.

**Sê:** Stel direk wat jy dink – gee jou mening sowel as ŉ verduideliking.

**Bespreek:** Bied jou standpunt met redes vir jou stellings aan.

**Verduidelik:** Verskaf verklarende redes met jou uiteensetting.

**Interpreteer:** Analiseer en evalueer (verskaf ŉ ingeligte mening) ŉ kunswerk. Plaas dit binne historiese, kulturele, sosiale ens. verband en staaf jou bevindings deur na spesifieke soortgelyke voorbeelde te verwys.

**Staaf:** Om te bevestig met ondersteunende bewyse.

**Vermeld:** Verskaf presiese feite en sê reguit wat jy dink – gee jou mening asook ŉ verduideliking.

**Visuele bronne:** Die gereproduseerde afbeeldinge wat in die eksamensvraestel verskaf word.

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1: OORSIG VAN DIE 19$^{de}$-EEUSE KUNS IN EUROPA

*Die 19$^{de}$-eeu was 'n tydperk van uitvinding en ontdekking in baie velde. In kuns het kunstenaars begin wegbreek van akademiese kuns of naturalistiese "geskiedkundige kunswerke". Hulle het begin eksperimenteer met nuwe onderwerpe, komposisies, asook tegnieke om so 'n visuele middel te skep wat die kunstenaar se persoonlike idees en ervarings kon kommunikeer.*

1.1 Kies TWEE kunswerke uit FIGURE 1a, 1b en 1c en verduidelik in twee aparte paragrawe hoe die kunstenaars se werke op daaglikse lewe in sy/haar gemeenskap kommentaar lewer.

Verwys na die volgende:

- Onderwerpmateriaal en hoe dit tipies van hierdie eeu mag wees
- Komposisionele plasings en die effek hiervan op 'n kyker
- 'n Sosiale/Politieke boodskap en hoe dit oorgedra is (6)

1.2 Analiseer en bespreek FIGUUR 1d.

Jou bespreking moet die volgende insluit:

- Tegniek en Styl
- Onderwerpmateriaal en boodskap (6)

1.3 Kies enige TWEE werke van enige 19$^{de}$ eeuse (d.w.s. 1800's) kunstenaar/s en skryf 'n opstel (1 tot 1½ bladsye) waarin jy noemenswaardige kunselemente, onderwerpmateriaal en boodskappe, wat relevant tot die 19$^{de}$-eeu en gebeure van die tydperk is, bespreek. (8)

**[20]**

WOORDELYS:
FIGUUR 1b "Gargantua": 'n vriendelike reus en koning, bekend vir sy liefde vir eet en drink. Karakter in Franco Rabelais se boek: "*Gargantua and Pantagruel*".



**FIGUUR 1a:** Francisco de Gouya, ***The third of May***, 1808.



**FIGUUR 1b:** Honore Duamier, **Gargantua**.



**FIGUUR 1c:** Honore Duamier, **Jacques-Levere**, 1856.



**FIGUUR 1d:** Jean-Francois Millet, ***The Gleaners***, 1857, olie op doek.

## VRAAG 2: DIE GEBOORTE VAN MODERNISME

*Modernisme is 'n radikale breek met die verlede en 'n soeke na nuwe vorms van ekspressie.*

2.1 Met verwysing na FIGURE 2a en 2b, analiseer en verduidelik waarom hierdie werke bewyse van 'n radikale breek van realisme en tradisionalisme van die 19^de-eeu toon.

Verwys na die volgende:

- Tegniek
- Komposisie
- Kleur
- Inhoud (8)

2.2 Verwys na FIGUUR 2c. Verduidelik die werk van George Seurat met spesifieke verwysing na, en fokus op die volgende:

- Toepassing van kunselemente
- Onderwerp (4)

2.3 Kies TWEE ander kunswerke (jy mag nie kunswerke in hierdie vraestel gebruik nie) deur 'n kunstenaar wie se werk die invloed van Modernisme toon.

Skryf 'n opstel van ten minste 'n 1 bladsy, waarin jy die werke analiseer en evalueer met betrekking tot bogenoemde stelling.

Verwys na die volgende:

- Naam van kunstenaar en kunswerk
- Toepassing van kunselemente
- Onderwerp
- Wegbreking vanaf tradisionalisme (8)

**[20]**



**FIGUUR 2a:** Edouard Manet, ***A Bar at Folies-Bergere***, 1882, olie op doek.



**FIGUUR 2b:** Van Gogh, ***Sunflowers***, 1888, olie op doek.



**FIGUUR 2c:** George Seurat, **La Grand Jatte** (*Sunday afternoon on the Island of La Grand Jatte*), 1884-1886, olie op doek.

## VRAAG 3: VROEG 20ste-EEUSE KUNS

*Kunstenaars was nog altyd gefassineer deur die uitbeeld van beweging in hul kunswerke en in baie gevalle is dit die dryfveer in vroeë 20ste-eeuse kuns.*

3.1 Bewys die bogenoemde stelling as WAAR deur FIGURE 3a en 3b te analiseer. Skryf 'n opstel van ongeveer 1 bladsy en verwys na die volgende:

- Historiese konteks en Inhoud
- Gebruik van formele kunselemente en komposisie
- Materiale en Tegnieke
- Boodskap/Betekenis (6)

3.2 Met verwyssing na FIGUUR 3c, verduidelik hoekom Fauvisme beskryf kan word as die eerste revolusionêre beweging van die 20ste-eeu. (4)

3.3 Kies TWEE kunswerke wat jy bestudeer het wat 'n boodskap van sosiale en politieke veranderinge in die vroeë jare van die 1900's lewer. Skryf 'n opstel (ten minste twee paragrawe van 'n halwe bladsy elk) waarin jy die volgende insluit:

- Name van kunstenaars en kunswerke
- Inhoud/Kwessies wat deur kunstenaar aangespreek word
- Media en Tegnieke
- Toepassing van kunselemente

Evalueer die sukses van die kunstenaar met oordrag van sy/haar boodskap. (10)


**[20]**



**FIGUUR 3a:** Giacomo Balla, ***Dynamism of a dog on a leash***, 1912.



**FIGUUR 3b:** Umberto Boccioni, ***The city rises***, 1910, olie op doek.



**FIGUUR 3c:** Henri Matisse, ***The green stripe***, 1905, olie op doek.

## VRAAG 4: ARGITEKTUUR

*Argitektuur moet funksionele vereistes vervul, struktureel stabiel en poëties wees, skoonheid bevat en die intellek en verbeelding aangryp soos FIGURE 4a en 4b.*

Met betrekking tot die bogenoemde stelling en FIGURE 4a en 4b, kies enige DRIE geboue wat jy bestudeer het (Jy mag wel FIGURE4a en 4b in jou keuse insluit) en skryf ’n opstel (2 bladsye) waarin jy die innoverende prestasies van elke gebou evalueer.

Sluit in jou gedagtes ook die volgende:

- Toegepaste elemente van ontwerp
- Kreatiwiteit en moontlike invloede
- Interessante karakterseienskappe
- Doel en effektiewe funksionaliteit

Punte word as volg toegeken:

- 4 Punte vir ’n inleiding wat handel oor jou siening met betrekking tot die vraag
- 15 Punte vir insiggewende kommentaar oor die geboue met betrekking tot die bogenoemde
- 1 Punt vir ’n kort slot (opsomming) **[20]**



**FIGUUR 4a:** Frank Lloyd Wright ***"Falling water"***, **Kaufmann-huis**, *Bear Run*, Pennsylvania, 1936.



**FIGUUR 4b:** Bob van Bebber, **Sokkerstad of FIFA Wêreldbekerstadion**, Soweto, Johannesburg.

## VRAAG 5: TUSSEN DIE TWEE WÊRELDOORLOË

*Dada en Surrealisme het die jare tussen die twee wêreldoorloë gedomineer. Albei is gebore in opstand teen die ideale van die Eerste Wêreldoorlog en albei het tradisionele waardes van die samelewing bevraagteken. Dada en Surrealisme het dramatiese invloede op daaropvolgende kunsbewegings gehad.*

5.1 Met verwyssing na die bogenoemde stelling en FIGUUR 5a; skryf 'n paragraaf van 'n ½ bladsy waarin jy die stelling regverdig.

Neem die volgende in ag:

- Die medium wat gebruik is
- Die boodskap wat die kunswerk oordra (4)

5.2 Ook met verwyssing na die bogenoemde stelling, analiseer en bespreek FIGUUR 5b in opstelformaat. (Ten minste ¾ bladsy)

Verwys na die volgende:

- Toepassing van kunselemente en beginsels
- Mediums se relevansie tot konsep
- Betekenis/Boodskap (6)

5.3 Skryf 'n opstel van ten minste 1 bladsy waarin jy 'n Surrealistiese werk van EEN Internasionale en EEN Suid-Afrikaanse kunstenaar wat jy bestudeer het herroep, bespreek en vergelyk.

Verwys na die volgende:

- Name van werke en kunstenaars
- Media
- Boodskap/Betekenis
- Deur watter kunsstyl is hierdie kunswerke beïnvloed
- Voorlegging (10)

**[20]**




**FIGUUR 5a:** Marcel Duchamp, ***Fountain***, 1917.




**FIGUUR 5b:** Rene Magritte, ***This is not a pipe***, 1931, olie op doek.

## VRAAG 6: OORSIG VAN POST-1946 KUNS

*"Ek is nie bang daarvoor om veranderinge te maak nie, om die beeld te verwoes nie, ens., omdat die skildery 'n lewe van sy eie het" – Jackson Pollock*

6.1 Verwys na FIGURE 6a, 6b en 6c. Skryf 'n opstel ban 1 tot 1½ bladsye oor hoe kuns na die Tweede Wêreld Oorlog verander het. Identifiseer die nuwe bewegings waaraan die visuele bronne behoort het, asook stilistiese kenmerke van elk. Bespreek ook die boodskappe wat deur die kunswerke oorgedra word. (12)

6.2 Kies EEN werk wat volgens jou mening 'n moderne weergawe van die wêreld van die post-1946 era weerspieël. Analiseer en evalueer jou gekose kunswerk.

Verwys na die volgende:

- Kunselemente
- Styl
- Materiaal gebruik
- Betekenis (8)

**[20]**

Kopiereg voorbehou 



**FIGUUR 6a:** Jackson Pollock, ***Autumn Rhythm* (*number* 30)**, olie op doek.



**FIGUUR 6b:** Mark Rothko, **Ongetiteld (Pers, wit en rooi)**, 1953, olie op doek.



**FIGUUR 6c:** Claes Oldenburg, ***Floor cake***, 1962, sintetiese polimeerverf en lateks.

## VRAAG 7: NUWE MEDIA

*Stilistiese bekommernisse van vorige generasies is bevraagteken en die raamwerk waarin kuns geskep is, uitgestal en besigtig is, het radikaal verander.*

7.1 Met verwysing na die bogenoemde stelling en FIGURE 7a en 7b, skryf 'n opstel van ongeveer 'n bladsy, waarin jy verduidelik en bespreek hoe hierdie kontemporêre kunstenaars suksesvol met nuwe mediums was.


Verwys na die volgende:


- Voorlegging of aanbieding
- Konsep
- Proses
- Nuwe mediums (8)

7.2 Skryf 'n opstel van ongeveer 1½ bladsye oor enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het wie se werk revolusionêr was met gebruik van NUWE MEDIA. (12)

**[20]**

Kopiereg voorbehou 





**FIGUUR 7a:** Marc Quinn, **Self**, 1991, Bloed, vleklose staal, Perspeks, Verkoeling toerusting.

Die gevriesde beeld is geskep met 4,5 liters van die kunstenaar se eie bloed wat oor 'n tydperk van vyf maande getrek is.



**FIGUUR 7b:** Kendall Geers, ***Bloody Hell***, 1990.

## VRAAG 8: DIE KUNSWÊRELD (UITSTALLINGS EN GALLERY BESOEKE)

8.1 By ŉ uitstalling van suksesvolle Internasionale en Suid-Afrikaanse kunstenaars, was die vier werke van FIGURE 8a, 8b, 8c en 8d gekies as relevante stellings oor die realiteite van ons wêreld.

Neem die geïllustreerde werke vir hierdie vraag waar, en skryf ŉ opstel van een bladsy waarin jy aan die volgende aandag skenk:

- Sosiale boodskap van elke werk
- Hoe kleur ŉ rol speel in die verwysing na ŉ wyer sosiale en/of politieke bewustheid vir die kyker
- Jou evaluering van die heersende waarde van hierdie werke, finansieel sowel as sosiaal (10)

8.2 Skryf ŉ opstel van 1½ bladsye waarin jy die onderwerpmateriaal beskryf en die openbare aantrekking van enige TWEE internasionale en TWEE Suid-Afrikaanse werke wat jy bestudeer het.

Moet NIE enige werk van hierdie of enige ander vraag op hierdie vraestel kies nie. (10)
**[20]**

**Woordelys**:

***Proserpine*** ŉ mitologiese, antieke Romeinse godin wie, as gevolg van haar skoonheid ontvoer is om met Pluto in die onderwêreld te woon. Haar verhaal val saam met lente. Sy het vier granaatsade geëet, wat haar saam met haar ma kon laat leef in die werklike wêreld vir drie seisoene per jaar, maar dan moes sy terugkeer na die onder wêreld om saam met Pluto die winter deur te bring. Die Griekse godin vir lente staan bekend as Persephone.


*Prosepere beteken om na vore te kom*.



**FIGUUR 8a:** Willem de Kooning. ***Woman IV***.



**FIGUUR 8b:** Edvard Munch. ***Dance of Life***. 1884.



**FIGUUR 8c:** Helen Sebidi. ***Mother Africa***. 1981.



**FIGUUR 8d:** Dante G. Rossetti. ***Proserpine***. 1874.

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou

sapapers.co.za

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

# GRAAD 11

## NOVEMBER 2016

# VISUELE KUNS V1
# MEMORANDUM

**PUNTE: 100**

Hierdie memorandum bestaan uit 16 bladsye.

## RIGLYNE

In hierdie eksamen sal jy die volgende vaardighede toon:

- Die gebruik van die korrekte **kunsterminologie**
- Die gebruik en implementering van **visuele analise** en **kritiese denke**
- **Skryf-** en **navorsingsvaardighede** binne 'n **geskiedkundige** en **kulturele konteks**
- Die plasing van spesifieke voorbeelde in 'n **kulturele**, **sosiale**, **politieke** en **historiese konteks**
- 'n **Begrip** van **eiesoortige kreatiewe style**
- Die identifisering van die **professionele praktyk** van plaaslike kunstenaars

## INSTRUKSIES AAN KANDIDATE

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord:

1. Daar is AGT vrae op hierdie vraestel.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

3. Vrae en onderafdelings moet **duidelik en korrek genommer** word.

4. Vrae verskyn op die linkerhandse bladsye, met visuele bronne op die regterhandse bladsye.

5. Maak seker dat jy na die **gereproduseerde visuele bronne verwys** waar dit verlang word.

6. Inligting reeds in een vraag bespreek, sal nie punte verdien indien dit in ander antwoorde herhaal word nie. Kruis-verwysings na kunswerke is toelaatbaar.

7. **Benoem die kunstenaar en titel van elke kunswerk** wat jy in jou antwoorde bespreek. **Onderstreep die benaming van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou**.

8. Skryf netjies en leesbaar.

9. Antwoord in volsinne en paragrawe, volgens die instruksies vir elke vraag. MOET NIE PUNTSGEWYS ANTWOORD NIE.

   Puntetoekenning:
   - 6–8 punte: 'n minimum van ½–¾ bladsy
   - 10–14 punte: minimum van 1–1½ bladsy(e)
   - 20 punte: 'n minimum van 2 bladsye

## PRESTASIEKODE ONDERWERP 3: VISUELE KULTUURSTUDIES

**7 Uitstekend 80–100%**

- Demonstreer uitstekende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.
- Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.
- Demonstreer uitstekend ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.
- Toon buitengewone insig en begrip en gebruik uiteenlopende benaderings.

**6 Verdienstelik 70–79%**

- Demonstreer ŉ goed ontwikkelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.
- Toon uitstekende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.
- Demonstreer hoogs ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.
- Toon uitstekende insig en begrip.

**5 Substansieel 60–69%**

- Demonstreer substansiële vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.
- Toon substansiële vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.
- Demonstreer goed ontwikkelde skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.
- Toon ŉ goeie vlak van insig en begrip.

**4 Gemiddeld 50–59%**

- Demonstreer gemiddelde vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.
- Toon gemiddelde vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.
- Demonstreer bedrewe skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.
- Toon ŉ redelik goeie vlak van insig en begrip.

**3 Bevredigend 40–49%**

- Demonstreer bevredigende vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.
- Toon bevredigende vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.
- Demonstreer bevredigende skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.
- Toon ŉ bevredigende vlak van insig en begrip.

**2 Elementêr 30–39%**

- Demonstreer slegs ŉ basiese vermoë om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.
- Toon beperkte vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.
- Demonstreer basiese skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.
- Toon ŉ elementêre vlak van insig en begrip.

**1 Nie behaal nie 0–29%**

- Demonstreer min of geen vermoë nie om kunswerke in verhouding met hul kulturele, sosiale, politiese en historiese kontekste te analiseer en daarop kommentaar te lewer.
- Toon uiters beperkte vermoë in die gebruik van gepaste visuele kunsterminologie.
- Demonstreer beperkte skryf- en navorsingsvaardighede in die studie van kuns.
- Toon min of geen begrip of insig nie.

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 1: OORSIG VAN DIE 19$^{de}$-EEUSE KUNS IN EUROPA

1.1 *Kies TWEE kunswerke uit Figure 1a, 1b en 1c en verduidelik in twee aparte paragrawe hoe die kunstenaars se werke op daaglikse lewe in sy/haar gemeenskap kommentaar lewer.*

*Verwys na die volgende:*

- *Onderwerpmateriaal en hoe dit tipies op hierdie eeu mag wees*
- *Komposisionele plasings en die effek hiervan op ŉ kyker*
- *ŉ Sosiale/Politieke boodskap en hoe dit oorgedra is*

Die *Third of May 1808* herdenk die gebeure rondom die Madridse opstand, teen die Franse troepe, van die vorige dag. Dit vertel van die tragiese gebeure na die opstand, toe die Franse bevelvoerder, Marshal Murat, die leiers van die opposisie tot dood veroordeel het. Die skietery het van die middag tot die volgende oggend geduur, die 3de Mei. Die kunswerk beeld dit wat in die vroeë oggend ure, na die skietery gegeur het, uit. Regs is die gedissiplineerde Franse vuurpeloton – gesiglose laksmanne – wie se gewere op die groep pleitende gevangenes gerig is. Rondom hulle lê bloeiende slagoffers. Die toneel word op ŉ dramatiese manier deur ŉ vierkantige lantern verlig, dit laat die kyker toe om die vreesbevange gesig van die sentrale figuur, ŉ eenvoudige, knielende werker in ŉ wit kleedstuk, te midde van die groep veroordeeldes, te sien. Sy arms oop gestrek soos die Kruisigings toneel. Op die palm van sy regter hand is merke van stigmata. Ander rebelle wat wag om geskiet te word is: ŉ monnik wat bid; en ŉ man wat te bang is om te kyk na wat besig is om te gebeur.

Die uitbeelding van emosie word met somber, aardse kleure gehandhaaf. Donker kleure beperk die kyker se fokus tot die emosie belaaide soldate en slagoffers. Prominente lyn word in die komposisie gebruik as gevolg van die ritmiese plasing van die soldate aan die regter kant met hul gewere gerig op die slagoffers aan die linker kant waar die beligte figuur in wit die fokuspunt word. Met die gebruik van lig word die emosie komende van die Figuur aan die linkerkant uitgebeeld.

So wat is die boodskap van die kunswerk? Watter positiewe boodskap dra dit oor? Aan die een kant gebruik Goya die "gekruisigde" aktivis om te wys dat die rebelle as martelaars gesien kan word. Aan die ander kant wys hy ook dat die opstand verniet was en dat niks bereik is nie. Daar is geen aanduiding dat die verlies van lewens gaan lei tot redding nie. Daar is geen doel, slegs tragedie. Dit is Goya se moderne boodskap. Sonder om te weet het hy ons voorberei vir die massamoorde van die 20ste eeu. Die werk word ŉ simbool van die mensdom se onverdraagsame en onmenslike natuur teenoor mekaar.

Die styl in Figuur 1b is Realisme. Daumier is 'n bekende satiriese spotprenttekenaar. Figuur 1b is 'n karikatuur van die Franse koning, Louis Philippe, as Gargantua, uit 'n publikasie genaamd La Caricature. Gargantua is naamgenoot van 'n boek deur Rabelais – wat beskou is as onbeskof en vulgêr. Die koning word uitgebeeld met 'n reuse, vet liggaam met die kop van 'n vark, wie se klein pote hom skaars kan ondersteun. Daarom moet hy sittend bly, terwyl die kos in die vorm van geldstukke wat aan die armes behoort met sy lang tong na sy mond toe aan gestuur word deur die miniatuur werkers. Die werkstuk wys die gierigheid van die wat in magsposisies is. Hul leef van die armes se hard verdiende geld. Daumier was vir ses maande in die tronk by Saint Pelagic. Na sy vrylating het die publikasie wat sy werk gewys het, se sirkulasie gestaak. Die werk spreek van kontemporêre diktators wie slegs in hul eie belang en verryking optree, ten koste van die armes.

Figuur 1c spot met die neoklasieke tradisie van portret beelde wat in opdrag van keisers geskep is en dan in hul wonings uitgestal is. Dit is 'n satiriese karikatuur van 'n aristokraat/ bankier - rykdom geassosieer met aristokrasie. Die satire word beklemtoon deur die groot neus, gekreukelde klere, growwe tekstuur van klere en die misvormde kop. (6)

1.2 Figuur 1d is Realisme omdat die onderwerp van die skildery handel oor die omstandighede en teëspoed van die kontemporêre burgers, meer spesifiek die armes in die samelewing. In hierdie werk beeld Millet drie plattelandse vroue wat die werk doen om die laaste koringstukke op te tel. In die komposisie is drie vroue geplaas in 'n diagonale lyn, een vrou werk vooroor gebuig en kyk stip na die grond, soekend na 'n koringaar. 'n Ander vrou hou 'n hand vol koring agter haar rug vas en is dubbeld gevou terwyl sy afbuig en uitreik na die grond. Die derde vrou buig selfs laer en rus haar hand vol koring op een knie terwyl sy grondwaarts gryp. Hierdie vroue was die lede van die laagste vlak van die plattelandse samelewing. Millet het sy monumentale figure in die voorgrond geplaas, teen die plat, eentonige landskap en lug. Hy het waardigheid, krag en skoonheid aan hierdie eenvoudige plattelandse vroue gegee. (6)

1.3 *Kies enige kunstenaar wat jy bestudeer het van die19$^{de}$-eeu (d.w.s) 1800's) en bespreek TWEE werke van die gekose kunstenaar. Bespreek noemenswaardige kunselemente, onderwerpmateriaal en boodskappe wat relevant is tot die 19$^{de}$-eeu.* (8)

**[20]**

## VRAAG 2: DIE GEBOORTE VAN MODERNISME

2.1 *Met verwysing na Figure 2a en 2b, analiseer en verduidelik waarom hierdie werke bewyse van ŉ radikale breek van realisme en tradisionalisme van die 19^de^-eeu toon.*

*Verwys na die volgende:*

- *Tegniek*
- *Komposisie*
- *Kleur*
- *Inhoud*

Figuur 2a is ŉ Impressionistiese kunswerk. ŉ Toneel uit die kontemporêre lewe word as ŉ vlietende oomblik uitgebeeld. Die Folies-Bergere was ŉ Paryse nagklub met musiek en vermaak. Die sentrale Figuur, die kroegmeisie, staan alleen in ŉ stampvol vertrek. Sy het ŉ afgetrokke uitdrukking op haar gesig en sy konsentreer nie op haar werk as kroegmeisie in die groot, oorvol kamer nie-dit word in die spieël agter haar uitgebeeld. Sy is ŉ gewone kroegmeisie wat in ŉ nagklub werk en is nie ŉ “godin” in ŉ geïdealiseerde landskap nie. Hierdie kunswerk is uiters interessant weens die reuse spieël wat parallel aan die oppervlak is en wat die hele toneel reflekteer. Dit is ŉ skildery oor lig – direk en indirek. Die enigste soliede werklikhede is die marmer kroegblad en die bottels, ŉ bak lemoene en twee blomme wat delikaat in ŉ vaas geplaas is. Ander mense in die spieël is uitgebeeld as haastig geskilderde, hard weerspieëlde gesigte en liggame. Hierdie werk is een van die eerste kunswerke wat die “moderne lewe” uitbeeld – wat die lusteloosheid en uitbuiting van haar posisie ten toon stel.

Figuur 2b slegs die kern van die onderwerp waarop hy emosioneel gereageer het is weergee. Suiwer kleure is gebruik soos die gele en is aangewend met kwas, paletmes en direk uit die verf buis. Die vorms is vereenvoudig en verwring met sterk buitelyne. Kwashale skep ritmiese beweging. (8)

2.2 *Verwys na Figuur 2c. Verduidelik die werk van George Seurat met spesifieke verwysing, en fokus op die volgende:*

- *Toepassing van kunselemente*
- *Onderwerp*

**Gebruik van kunselemente**:

*Kleur:*
Seurat is deur sy studie van optiese- en kleur teorie geïnspireer. Hy het miniatuur dotjies kleur gekontrasteer wat deur optiese eenwording een enkele kleur vorm. Hy het geglo dat pointilisme die kleure helderder en meer indrukwekkend sou maak as tradisionele kleur. Hy het gebruik gemaak van die pigment sink geel vir geel aksente op die grasperk maar meng dit ook met oranje en blou pigmente. Die groen pointilisme laat die blare sag en fyn vertoon; die blou laat die rivier kalm voor kom; die rooi sorg vir ŉ sonnige atmosfeer.

*Lyn:*
Seurat se komposisie is op horisontale en vertikale lyne gebaseer. Horisontaal skep kalmte en vertikaal werk dit teen met regopstaande mense en bome. Die diagonale lyn van die rivier wal kontrasteer met hierdie reguit lyne.

*Vorm*:
Pointilisme maak die liggame vol en rond en die klere sonder kreukels. Seurat verander hierdie tipiese Impressionistiese toneel in een van Egiptiese styfheid/formaliteit.

Aanvaar enige ander verduideliking van bogenoemde of ander formele kunselemente (2)

**Onderwerp:**

Die kunswerk beeld 'n tipiese Paryse toneel uit. Mense spandeer 'n sonnige, lui middag langs die Seine. Die hele beeld sentreer rondom die vrou wat die sambreel dra en haar kind. Mense is sittend asook staande in groepe van twee of drie; daar is ook paartjies aanwesig. In die verte kom 'n ma en haar jong dogter direk na die kyker toe aan gestap. (2)

2.3 *Kies TWEE ander kunswerke (jy mag nie kunswerke in hierdie vraestel gebruik nie) deur 'n kunstenaar wie se werk die invloed van Modernisme toon.*

*Skryf 'n opstel van ten minste 'n bladsy, waarin jy die werke analiseer en evalueer met betrekking tot bogenoemde stelling.*

*Verwys na die volgende:*

- *Naam van kunstenaar en kunswerk*
- *Toepassing van kunselemente*
- *Onderwerp*
- *Wegbreking vanaf tradisionalisme* (8)

**[20]**

## VRAAG 3: VROEG 20^ste-EEUSE KUNS

*Kunstenaars was nog altyd gefassineer deur die uitbeeld van beweging in hul kunswerke en in baie gevalle die dryfveer in vroeë 20^ste-eeuse kuns.*

3.1 *Bewys die bogenoemde stelling as WAAR deur Figure 3a en 3b te analiseer. Skryf 'n opstel van ongeveer 1 bladsy en verwys na die volgende:*

- *Historiese konteks en Inhoud*
- *Gebruik van formele kunselemente en komposisie*
- *Materiale en Tegnieke*
- *Boodskap/Betekenis*

Figure 3a en 3b behoort aand die Futuristiese beweging. Die naam Futurisme is gekies om die positiewe gevoel oor moderne tegnologie oor te dra. Hulle wou die massas beïnvloed en so ook bewus maak van die tegnologiese era en hoe dit die menslike brein beïnvloed. Dus was hul temas oor geweld, spoed en tegnologie, maar veral beweging.

Figuur 3a In hierdie werk beeld Balla beweging uit deur die wasigheid van die bene in 'n uitbeelding van 'n modieuse dame wat met haar worshondjie stap (die sportmotor van die hondewêreld) Dit was egter steeds die onderwerp eerder as die styl van die werk wat nuut was.

Figuur 3b was die disintegrasie van vorm 'n logiese manier om beweging uit te druk. Voorgrond en agtergrond is geïntegreer, wat die konstruksie van die nywerheidstad uitbeeld. Energie en krag word gesimboliseer deur groot perde wat teen hulle harnasse beur, wat beheer word deur heldhaftige arbeiders wie se figure die voorgrond domineer. Geen leë ruimte in werk. Die flikkerende beeld laat die kleure vervaag en in mekaar invloei. Vorms is onduidelik waar soliedheid deels in lig en beweging opgelos word. (6)

3.2 *Met verwyssing na Figuur 3c, verduidelik hoekom Fauvisme beskryf kan word as die eerste revolusionêre beweging van die 20^ste-eeu.*

Figuur 3c Hierdie is 'n portret wat mev. Matisse op 'n onkonvensionele manier uitbeeld. Kras, helder en intense kleure is gebruik. Helder turkoois, pienk en rooi is langsaan mekaar geplaas in plat areas met tonale modellering. 'n Groen streep is geplaas in die middel van die gesig wat onttrek as gevolg van die oranje area in die agtergrond wat 'n dubbelsinnige ruimte skep. Hierdie is nie 'n tradisionele portret nie, maar 'n nuwe manier van skep deur op 'n tweedimensionele uitbeelding te fokus. (4)

3.3 *Kies TWEE kunswerke wat jy bestudeer het wat 'n boodskap van sosiale en politieke veranderinge in die vroeë jare van die 1900's lewer. Skryf 'n opstel (ten minste twee paragrawe van 'n halwe bladsy elk) waarin jy die volgende insluit:*

- *Name van kunstenaars en kunswerke*
- *Inhoud/Kwessies wat deur kunstenaar aangespreek word*
- *Media en Tegnieke*
- *Toepassing van kunselemente*

*Evalueer die sukses van die kunstenaar met oordrag van sy/haar boodskap* (10)

**[20]**

**VRAAG 4: ARGITEKTUUR**

*Argitektuur moet funksionele vereistes vervul, struktureel stabiel en poëties wees, skoonheid bevat en die intellek en verbeelding aangryp soos Figure 4a en 4b.*

*Met betrekking tot die bogenoemde stelling en Figure 4a en 4b, kies enige DRIE geboue wat jy bestudeer het en skryf 'n opstel (2bladsye) waarin jy die innoverende prestasies van elkeen evalueer.*

**Figuur 4a: Lloyd Wright - *Die Kaufmanhuis***

Die Kaufmanhuis is 'n voorbeeld van Wright se organiese argitektuur, waar geboue op 'n natuurlike wyse met die omgewing integreer. Dit reflekteer die behoeftes van die mens asook die gemoed van die tyd. Die huis pas in die landskap asof dit daaruit gegroei het. Wright het geglo dat vorm en funksie gekombineer moes word. Sy ontwerp is gebaseer op tradisionele Japanese argitektuur – wye, lae dak wat horisontale lyn aksentueer. Die argitektuur van die Azteks het hom ook beïnvloed met hul harmonie met die omgewing. Wright noem ook Louis Sullivan as 'n invloed – hy het geglo dat argitektuur eerlikheid moes hê. Die Kaufmanhuis is Wright se mees poëtiese gebou. Dis asof die huis opgedra is aan die natuur. Die huis is op 'n klipperige rand gebou met massiewe klip wat na bo deur kom om die basis vir 'n vuur put te vorm. Lyn word gebruik om 'n eenheid met die natuur te vorm. Horisontale lyn word aangetref in die beton balkonne. Dit word herhaal en is in lyn met klipformasie aan die onder kant. Vertikale lyn word gevind in die klip kolomme wat opwaarts strek. 'n Waterval loop onder die huis en vloei oor die kliprand. Alle hoeke binne die huis word met glas verberg en die binnekant van die huis verleng na buite d.m.v. balkonne. Die huis is bedoel om residensieel geniet te word. 'n Koel en kalm atmosfeer wat spreek van prag en natuurskoon. Die gebou lyk eenvoudig maar dit is hoe die huis saam met die natuurlike omgewing en spasie werk wat dit so uniek maak – asof dit daar gegroei het.

**Figuur 4b: Argitek Bob van Bebber - FIFA Wêreldbekerstadion**

Argitek Bob van Bebber het die herkenbare vorm van die kalbas, ʼn pampoen wat uitgedroog is en dien as ʼn houer vir bier in Afrika kultuur, as inspirasie vir die SOKKER STAD stadion se ontwerp gebruik. So het hy die gees van Afrika opgesom aangesien die kalbas ʼn simbool is van gasvryheid en mededeelsaamheid asook baie kulture. Die funksie van die gebou word dan ook korrek weerspieël aangesien die Fifa Sokker Wêreldbeker daar aangebied was – ʼn plek waar baie kulture by mekaar gekom het. Die gebruik van mosaïek-styl bekleding aan die buitekant van die gebou is belangrik omdat dit die dekoratiewe effek van die kalbas skep. Die mosaïek van vuur en aardse kleur, wat die Afrika landskap voorstel, word beklemtoon deur die ligte wat rondom die gebou aan die onderkant is – dit skakel weer met die idee van vuur onder die kalbas. Daar is ook ʼn oneweredige verspreiding van geglaseerde panele wat lyk soos vonke wanneer dit snags aangeskakel is.

Die gebou het die oorspronklike FNB stadion se struktuur behou. Die gewildste sitplekke is oorgebou om meer gemak en beter uitsig te verseker. Die hoë gehalte van die konstruksie asook die uitsonderlike ontwerp en praktiese oplossings het gesorg vir twee toekennings.

En nog een ander derde gebou.

**OF**

Leerders kies drie geboue van hul eie om te bespreek na aanleiding van die vraag. **[20]**

## VRAAG 5: TUSSEN DIE TWEE WÊRELDOORLOË

*Dada en Surrealisme het die jare tussen die twee wêreldoorloë gedomineer. Albei is gebore in opstand teen die ideale van die Eerste Wêreldoorlog en albei het tradisionele waardes van die samelewing bevraagteken. Dada en Surrealisme het dramatiese invloed op daaropvolgende kunsbewegings gehad.*

5.1 *Met verwyssing na die bogenoemde stelling en Figuur 5a; skryf ʼn paragraaf van ʼn ½ bladsy waarin jy die stelling regverdig.*

*Neem die volgende in ag:*

- *Die medium wat gebruik is*
- *Die boodskap wat die kunswerk oordra*

Figure 5a – Die “ready made” is anti-kuns omdat gekant is teen die idee van uniekheid van ʼn kunswerk en ʼn bespotting maak. Dit sê dat enige iets kuns is. Die Fountain is ʼn industrieel- vervaardigde urinaal, waaraan die kunstenaar drie veranderinge gemaak het.

1. Hy het dit op ʼn voetstuk geplaas
2. Hy het geteken en dit dateer
3. Hy het ingeskryf vir ʼn kunskompetisie (4)

5.2 *Ook met verwyssing na die bogenoemde stelling, analiseer en bespreek Figuur 5b in opstelformaat. (Ten minste ¾ bladsy)*

*Verwys na die volgende:*

- *Toepassing van kunselemente en beginsels*
- *Mediums se relevansie tot konsep*
- *Betekenis/Boodskap*

Figuur 5b – Is 'n realistiese skildery van 'n pyp in sy naturalistiese vorm, met donker bruin kleur word die buitelyne presies gevorm om 'n pyp voor te stel. Maar die pyp word teen 'n eenvoudige, warmer bruin agtergrond geplaas wat dit laat lyk asof dit "hangend" is. Dit beklemtoon die Franse titel "This is not a pipe", wat dit natuurlik nie is nie. Dit word verder beklemtoon met die gebruik van dieselfde kleur in die pyp asook die titel. So is die kunswerk dan ook bekend as "Treachery of Images". Die titel lig die gaping tussen taal en betekenis uit. Magritte kombineer woorde en taal op so 'n wyse dat ons geforseer word om die belangrikheid van die sin asook die woord te bevraagteken. Die tema van hierdie skildery, en die pyp, word in sy skildery Les Deux Mystères, 1966, hervat. (6)

5.3 *Skryf 'n opstel van ten minste 1 bladsy waarin jy Surrealistiese werk van EEN Internasionale en EEN Suid-Afrikaanse kunstenaar wat jy bestudeer het, herroep, bespreek en vergelyk*.

*Verwys na die volgende:*

- *Name van werke en kunstenaars*
- *Media*
- *Boodskap en/of betekenis*
- *Deur watter kuns styl is dit beïnvloed*
- *Voorlegging*

*LW: Leerder mag **NIE** 'n kunswerk uit hierdie vraestel gebruik **NIE**, maar mag 'n ander kunswerk deur 'n kunstenaar, genoem in hierdie vraestel, gebruik.* (10)

**[20]**

## VRAAG 6: OORSIG VAN POST-1946 KUNS

*"Ek is nie bang daarvoor om veranderinge te maak nie, om die beeld te verwoes nie, ens., omdat die skildery 'n lewe van sy eie het" – Jackson Pollock*

6.1 *Skryf 'n opstel van 'n 1 tot 1 ½ bladsy oor hoe kuns verander het na die Tweede Wêreldoorlog deur te verwys na die gegewe bronne Figuur 6a, Figuur 6b, Figuur 6c.*

Figure 6a en 6b behoort aan die abstrakte ekspressionisme beweging. Hierdie beweging het ontwikkel as deel van die anti-rasionele, emosionele, ekspressiewe avant-garde tendens wat deur Surrealistiese kunstenaar Duchamp gepromoveer is en na Amerika uitgebrei het. Die kunstenaars van hierdie beweging, soos deur Figuur 6a en 6b uitgebeeld, het weg gebreek van konvensionele, realistiese onderwerpe. Hulle het meestal abstrakte kunswerke gemaak. Die fisiese daad van skilder het die merke op die doek geword. Groot oppervlakte van kleur het die selfondersoek van die kunstenaar se persoonlike belewenis geword. Die komposisie was nie verteenwoordigend van 'n visuele bron nie. Die twee dimensionele oppervlak van die doek is beklemtoon. Vorms op die doek is veronderstel om kwas hale, driptegnieke en geometriese oppervlaktes van kleur voor te stel. Verf is deur middel van aggressiewe gebare deur aksie-skilders aangewend. Kleur het niks te doen gehad met visuele realiteit nie. Abstrakte ekspressionisme was gesien as die oordra van die Amerikaanse gees van 'n geromantiseerde gevoel van individuele vryheid.

Figuur 6a – Die skildery het meer soos 'n omgewing geword wat die kyker omring. 'n Direkte ontmoeting met Autumn Rhythm as 'n voorwerp met sy spesifieke skaal, kleur, tekstuur en fisieke teenwoordigheid is noodsaaklik. Wanneer die kyker nader aan die skildery staan, is die visuele effek soortgelyk daaraan as om iets te kyk wat mikroskopies vergroot is en wanneer die kyker verder weg daarvan staan, is dit soos om deur 'n teleskoop na die heelal te kyk. Die doolhofagtige netwerk van lyne, spatsels en verfdruppels skep 'n ritmiese palimpses van patrone wat 'n aantekening is van die proses van die skepping van die werk. Alhoewel die proses nie vooraf beplan was nie en spontaan gebeur het, het Pollock self gesê dat hy die vloei van die verf beheer het en dat niks per ongeluk gebeur nie. Die titel, kleur en horisontale oriëntasie van hierdie skildery ontlok die idee van die natuur.

Figuur 6b – Hierdie voorbeeld van Rhothko se werk is tipies van die styl wat hy ontwikkel het in sy volwasse werke waar alle verwysings na die natuur verwerp is. Die algehele doekoppervlakte is gevul met reghoekige lae van sagte, hangende, wolkagtige vorm met uitgerafelde rante. In hierdie werk is die tekstuur van die doek sigbaar en die aanwending van kleur lyk in sommige areas meer so gekleurde oppervlakke as geverfde oppervlakke. Die verwe het in die doek ingesypel en toe is drie vorms kleur bygevoeg deur dit te benewel oor die dungeverfde onderlaag. Hy het veral aandag gegee aan die rante van die vorms waar die twee areas met mekaar meng.

Figuur 6c behoort aand die Pop-art beweging. Pop-art se oorsprong is in Dada. Pop-kunstenaars het Dada-tegnieke gebruik soos om beelde en objekte wat deur iemand anders geskep is in hul kunswerk op te neem en dit dan as kuns uit te stal. Die oorgrootte Floor Cake is ŉ eksperiment effekte van verplasing. Dit beslaan ŉ groot area in die vertrek en die kyker moet rondom dit loop om in staat te wees om dit van alle kante te besigtig. Die kyker word oorskadu deur die stuk koek. Anders as tradisioneel beeldhouwerk, het Oldenburg die sjokoladekoek sag uitgebeeld, maar soos die vergrootte uitbeelding van die werk, is die kleur en tekstuur soos die van ŉ karikatuur. Aangesien dit gemaak is van doek en geverf is met sintetiese polimeerverf en lateks, is die effek eerder afskuwelik as aanloklik. Dit bied satiriese kommentaar oor hierdie bekende voorwerp as ikoon van ŉ obsessiewe verbruikersamelewing. Hierdie transformasie verbreed die grense van kuns deur kuns en werklikheid teen mekaar af te speel. Die kyker word iets as kuns aangebied en dit verteenwoordig glad nie, op enige wyse tradisionele kuns nie. (12)

6.2 *Kies EEN werk wat volgens jou mening ŉ moderne weergawe van die wêreld van die post-1946 era weerspieël. Analiseer en evalueer jou gekose kunswerk*.

*Verwys na die volgende:*

- *Kunselemente*
- *Styl*
- *Materiaal gebruik*
- *Betekenis* (8)

**[20]**

## VRAAG 7: NUWE MEDIA

*Stilistiese bekommernisse van vorige generasies is bevraagteken en die raamwerk waarin kuns geskep is, uitgestal en besigtig is, het radikaal verander.*

7.1 *Met verwysing na die bogenoemde stelling en Figure 7a en 7b, moet leerders 'n opstel van ongeveer 'n ¾ bladsy, waarin jy verduidelik en bespreek hoe hierdie kontemporêre kunstenaars suksesevol was met nuwe mediums, skryf.*

*Verwys na die volgende:*

- Voorlegging of aanbieding
- Konsep
- Proses
- *Nuwe mediums*

S*elf* is 'n selfportret van die kunstenaar. Die kunstenaar se liggaam word letterlik gebruik om die kunswerk te maak. Die kop is 'n gieting van Quinn s'n wat met silikoon en 10 punte van sy eie bloed gemaak is. Die sigbare naat bly 'n herinnering van die gieting. Die kop bly in 'n gevriesde posisie binne 'n vierkantige Perspeks boks. Op die manier het die wesenlikheid van die beeld beide simboliese en letterlike funksie. Die werk is geskep gedurende 'n tyd toe Quinn 'n alkoholis was. Die idee van afhanklikheid – dat iets ingeprop of verbind moet wees om te kan funksioneer – word gedemonstreer deur die feit dat die kunswerk elektrisiteit nodig het om sy "gevriesde" voorkoms te behou . Die kunstenaar maak elke vyf jaar so 'n beeld. Die reeks stel die verloop van tyd voor. 'n Aaneenlopende selportret van die verouderende kunstenaar en veranderende self. Deur die beelde uit sy eie bloed te maak herinner ons aan die feit dat tyd verby gaan. Geen kunstenaar sal ooit onsterflikheid deur 'n selfportret bereik nie. En so sal die reeks ook tot 'n einde kom met die kunstenaar se afsterwe. So het die kunswerk ook tydsdimensie van soorte.

Figure 7b: Definieer die skakel van Kendall Geërs se werk met Dada en die betekenis daarvan in 'n geglobaliseerde wêreld. Dada-kunstenaars het ten doel gehad om te skok. Dada-kunstenaars het buitengewone media gebruik, dikwels van afvalhope, om hul stellings te maak. In hierdie werk deur Geërs, 'n gesig geskend deur bloed, het Geërs werklike bloed gebruik op 'n werklike mens en die onmiddellikheid van fotografie en die werklike bloedigheid van hierdie werk gee dit skokwaarde. Ons geglobaliseerde wêreld het alle mense onmiddellike toegang toegelaat tot goed en kwaad. Dit is 'n wêreld waar alle mense geskend word deur die negatiewe en die slegte. Die trauma is universeel en hierdie gesig, genoem Bloedige Hel, word gesien op twee vlakke – eerstens as die vloek "bloody hell", wat universeel die betekenis het van 'n woede uitdrukking, asook berou is oor dinge wat verkeerd geloop het, en tweedens sê Geërs moontlik dat hierdie kop verteenwoordigend is van mense wat op 'n vervloekte aarde woon, waar oorlog, bloedvergieting en bloedige gedagtes algemeen is. Geërs, as 'n Suid-Afrikaner, mag sy reaksie tot ons Suid-Afrikaanse probleme, polities, sosiaal of ekonomies aanspreek. Aanvaar relevante definisie met stawing. (8)

7.2 *Skryf 'n opstel van ongeveer 1½ bladsye oor enige TWEE kunstenaars wat jy bestudeer het wie se werk revolusionêr was met gebruik van NUWE MEDIA.* (12)

**[20]**

## VRAAG 8: DIE KUNSWÊRELD (UITSTALLINGS EN GALLERY BESOEKE)

8.1 *By 'n uitstalling van suksesvolle Internasionale en Suid-Afrikaanse kunstenaars, was die vier werke van Figure 8a, 8b, 8c en 8d gekies as relevante stellings oor die realiteite van ons wêreld.*

*Neem die geïllustreerde werke vir hierdie vraag waar, en skryf 'n opstel van een bladsy waarin jy aan die volgende aandag skenk:*

- *Sosiale boodskap van elke werk*
- *Hoe kleur 'n rol speel in die verwysing na 'n wyer sosiale en/of politieke bewustheid vir die kyker*
- *Jou evaluering van die heersende waarde van hierdie werke, finansieel sowel as sosiaal*

Die sosiale boodskap van Figuur 8a is gebonde aan die skoonheid van die seisoene en in hierdie geval met lente. Die vrou is sensueel, terwyl sy 'n granaat vashou, 'n vrug wat vrugbaarheid simboliseer. Sy en die loof bo links in die werk, suggereer die menslike gees wat die lenteseisoen vier.
Sosiale boodskap van Figuur 8b is die gebrokenheid van vroue in ons wêreld. De Kooning dra die boodskap aan ons oor in sy baie ekspressiewe styl oor hoe die wêreld vroue behandel. Dit is hoogs gebroke en toon kleure wat gevul is met swarte, rooie en vuil gele, wat almal mishandeling en pyn toon.

Die sosiale boodskap van Figuur 8c deur Munch is oor die ewige siklus van geboorte, lewe en dood. Die donker Figuur in die regtervoorgrond verteenwoordig die stug maaier, of die donker kant van die lewe, soos depressie oor verlore liefde. Die manlike en vroulike figure links toon die verleiding van die vroulike Figuur en die feit dat sy Figuur naak voorkom deur haar vreemde rok, dui op Eva as die vroulike verleidster.

Die sosiale boodskap van Figuur 8d handel met die oorbeknopte woonbuurte in Suid-Afrika, sowel as die smart en hartseer van vroue, met alles wat hulle die hoof moet bied in die wêreld. Die verwronge, gebroke gesigte, die dierkoppe aan die bokant, die stok wat die pot roer, dui alles op 'n gemeenskap wat worstel met die dag-tot-dag werk van die lewe en die verskeuring as gevolg daarvan.

Kleur in Figuur 8a hou ryk rooie, bloue en groene, wat almal dui op die rykheid en skoonheid van lente en wat die seisoen bring. Hulle is sensueel en eksoties. Die donkerbruine verteenwoordig die tydelikheid, daar dit onvermydelik na winter sal moet oorgaan – die onderwêreld is sinoniem met dood – vandaar die hartseer uitdrukking op die vrou se gesig. Kleur in Figuur 8b met die rooie, swarte en vuil gele spreek van 'n wêreld gevul met pyn en gebrokenheid, spesifiek met vroue aan die ontvang-kant van negatiwiteit. In Figuur 8c, spreek die rooie, groene en swarte 'n boodskap van emosionele intensiteit, een wat gevul is met diep pyn en isolering. Die geskeide dele van kleur dra by tot hierdie skeiding van die individu in ons wêreld. Dit verhoog die atmosfeer van misterie, dood, verworpe wees en afgekeur. In die laaste werk, Figuur 8d, verhoog die rooie, vuil witte en ru swart omlyning ook die sosiale ontneming wat veroorsaak word deur armoede, mishandeling en oorbevolking.

Die kandidaat moet nou gedagtes verskaf oor die waarde van hierdie werke, beide finansieel en sosiaal, met stawing. Vanselfsprekend behaal hierdie werke groot bedrae geld in die galery/uitstalling/veiling-markte van die wêreld. Die kunstenaars is almal wêreldbekend en hierdie boodskappe is ALMAL relevant in vandag se wêreld. (10)

8.2 *Skryf 'n opstel van 1½ bladsye waarin jy die onderwerpmateriaal beskryf en die openbare aantrekking van enige TWEE internasionale en TWEE Suid-Afrikaanse werke wat jy bestudeer het.*

*Moet NIE enige werk van hierdie of enige ander vraag op hierdie vraestel kies nie.* (10)

**[20]**

**TOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou